# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**EKSAMEN**

**JUNIE 2022**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 100**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit _6_ bladsye.**

**INLIGTING EN INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-,informatiewe en Transaksionele Tekste. | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

   Afdeling A: 60 minute
   Afdeling B: 40 minute
   Afdeling C: 20 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

## AFDELING A: OPSTEL

**VRAAG 1:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.**
- **Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**

1.1 Oorlogvoering kan baie probleme oplos. [50]

1.2 Weg met maskers en sanitering! Ons is ingeënt! [50]

1.3 Dit was die ergste dag in my lewe! [50]

1.4 'n Voel-goed storie. [50]

1.5 Toe begin die musiek speel ... [50]

1.6 **Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor.**
**Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.**

**LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.**

1.6.1



[50]

1.6.2



[50]

1.6.3



[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50 PUNTE**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

2.1 FORMELE BRIEF

Skryf 'n formele brief aan Kloof se hoof, mnr. Holding en bedank hom vir Kloof High se gasvryheid met ons jaarlikse sportdag (Derby day). [30]

2.2 HULDEBLYK

Ons skoolhoof, mnr. Girvin, tree af. Jy is gevra om 'n huldeblyk te lewer by sy laaste saalbyeenkoms. [30]

2.3 RESENSIE

Daar het 'n nuwe restaurant in Durban geopen.

Skryf 'n resensie daaroor. [30]

2.4 VERSLAG

Jy het gesien hoe iemand een van die onderwysers by die skool se motor krap. Jy is gevra om 'n verslag oor die insident neer te skryf. [30]

TOTAAL AFDELING B: 30 PUNTE

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

3.1 ADVERTENSIE

Jy is baie goed met ‘n sekere vak(ke). Jy wil graag die studente wat met daardie vak(ke) sukkel, help deur ekstra lesse aan te bied.

Ontwerp ‘n advertensie waarin jy al die nodige inligting gee. [20]

3.2 INSTRUKSIES

Jou ouers gaan weg vir die naweek. Jy gaan nie saam nie, want dit is eksamentyd.

Jou ouers los vir jou ‘n lys van SEWE instruksies wat jy moet uitvoer terwyl hulle weg is.

Skryf die SEWE instruksies neer. [20]

3.3 WHATSAPP

Jy het jou rygeleentheid van die strand af huis toe gemis omdat jy nie die tyd dopgehou het nie.

WhatsApp jou baie besige ma om jou te kom haal. [20]

TOTAAL AFDELING C: 20 PUNTE

SOMTOTAAL : 100 PUNTE